HONNEURS EN MAGISTER THEOLOGIA PRAXIS

DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE
FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Teologie • Theology
Thutamodimo

HONNEURS EN MAGISTER
THEOLOGIA PRAXIS

DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE
FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Kopiereg © 2010 | Alle regte voorbehou

Omslag ontwerp en uitleg deur SUN MeDIA Bloemfontein
Gedruk en gebind deur SUN MeDIA Bloemfontein
Brillstraat 59, Westdene, Bloemfontein, 9301
www.africansunmedia.co.za / www.sun-e-shop.co.za

INLEIDING

In 'n snelveranderende wêreld met die klem op effektiwiteit is daar 'n soeke na 'n relevante teologie. Die Departement Praktiese Teologie streef daarna om, as deel van die missie van die Fakulteit Teologie, 'n relevante teologiese bydrae en betrokkenheid tot die breë gemeenskap te vergestalt. In die verstaan van teologie as 'n werkwoord met publieke betekenis, bied die nagraadse Honneurs- en Magisterprogram in *Theologia Praxis* die ruimte waarbinne die betekenis geartikuleer kan word.

Doel van die kwalifikasie(s)

Deur die afgelope aantal jare het onderskeidelik die Honneurs- en Magisterprogramme in verskeie behoeftes van voornemende studente om op 'n betekenisvolle wyse in gemeentes en die gemeenskap betrokke te wees, voorsien. Op grond van resente navorsing asook praktykuitdagings is dit egter 'n gegewe dat die behoeftes in die kerk en samelewing na 'n nog méér omvattende en interdissiplinêre bydrae vra. Dié Honneurs- en Magisterkwalifikasies in *Theologia Praxis* wil juis in dié behoefte voorsien deur die geleentheid te bied om in die seleksie vanuit 'n aantal modules, 'n relevante program met die oog op 'n betekenisvolle en toepaslike kontekstuele bediening, saam te stel.

HONNEURS PROGRAM

1.1 Strukturering: Honneursprogram

Die gestruktureerde program word op NKR Vlak 8 aangebied met 'n krediet-waarde van 128. Die modus van aanbieding is modulêr van aard, wat 'n aantal bywoningsgeleenthede per jaar veronderstel. Die program strek oor 'n minimum van twee jaar. Die kurrikulum bied aan die student die geleentheid om 4 modules te kies. Ter voltooiing van die kwalifikasie word 'n mini-skripsie in die tweede studiejaar voltooi. Die suksesvolle afhandeling van die kwalifikasie bied aan die student moontlike toegang om aansoek te doen vir toelating tot 'n MA/MTh in Praktiese Teologie.

1.2 Voorvereistes

- Minimum 60% in voorgraadse studie.
- Keuringsprosedure soos deur die Departement bepaal.
- Taal- en vaarvaardigheidseksamens soos deur die Universiteit van die Vrystaat aangebied.
- Opstel van 2000 woorde oor voorgestelde tema in die Honneursstudie binne die veld van die praktiese teologie.

1.3 Verpligtend

Navorsingsmetodologie en -teorie (16 krediete)

Die doel van die betrokke module is om studente in die kennis en vaardighede van navorsingsmetodologie en -teorie te oriënteer. Studente word in staat gestel om vanuit wetenskaplike sosiale navorsingsvertrekpunte die navorsingsproses en enkele navorsingsmetodologieë te kan beskryf. Vanuit die navorsingsmetodologiese oriëntasie word 'n geselekteerde navorsingsmetodologie vir die student se studieprogram en uiteindelike navorsingsprojek gekies.

Gevorderde inleiding tot praktiese teologie as akademiese dissipline (16 krediete)

Die doel van die betrokke module is om aan studente 'n oorsig te bied oor praktiese teologie vanuit historiese verbande. Filosofiese en teologiese beginsels van die praktiese teologie word geskets in die soeke na 'n eie epistemologiese raamwerk. Studente word in staat gestel om prakties teologies betrokke te wees in 'n postmoderne konteks. Vanuit metodologiese vertrekpunte word nuwe spore in die praktiese teologie nagevors.

Mini-skripsie (32 krediete)

Gedurende die tweede jaar van studie kan studente, ná oorlegpleging met die programkoördineerder en tesame met die aangewese studieleier besluit op 'n tema binne die studieveld van praktiese teologie waarin die mini-skripsie gedoen word.

1.4 Keuses

Behalwe die verpligte module waarin die onafhanklike navorsing ter afhandeling van die mini-skripsie voltooi moet word, kan *vier* uit die volgende moontlike modules gekies word:

1.4.1 Gevorderde studie in Gemeentestudies I: (Gemeente en Gemeenskap) (16 krediete)

Die doel van die betrokke module is om studente van die onlosmaaklike verhouding tussen gemeente en gemeenskap bewus te maak. Vanuit 'n missionêre teologiese oriëntasie word 'n geselekteerde aantal ontwikkelingsteorieë en die betekenis daarvan vir die gemeente se rol in die gemeenskap hanteer. Die module word aangebied in die praktiese teologiese ruimte waarin voortdurende beweging tussen praktyk en teorie veronderstel word.

1.4.2 Gevorderde studie in Gemeentestudies II (Analise en Verandering) (16 krediete)

In tye van transformasie en verandering is dit nodig om waarderend en krities na 'n gemeente te kyk. Die doel van die module is om in diepte na die prosesse en teorieë in dié verband te kyk en om uiteindelik by 'n relevante gemeentelike bediening te kan uitkom.

1.4.3 Gevorderde studie in Gemeentestudies III (Leierskap) (16 krediete)

In dié module word 'n oorsig gebied oor die konsep van leierskap en die betekenis daarvan vir die praktiese teologie. In die praktiese teologiese verdiskontering van leierskap word verskillende modelle van leierskap bestudeer. Aanwysers vir 'n leierskapsmodel vir verandering asook die spiritualiteit van die leier en vir die toekoms word bespreek.

1.4.4 Gevorderde studie in Gespesialiseerde Pastoraat I (Pastoraat) (16 krediete)

Die module se doel word gevind in die oorsig wat dit oor die betekenis en ontwikkeling van die pastoraat bied. Die verband tussen pastoraat en die teologiese wetenskap van praktiese teologie word voortdurend beklemtoon. Pastoraal-teologiese konseptualisering en 'n geselekteerde aantal pastorale modelle en die betekenis daarvan vir die praktyk word aangebied.

1.4.5 Gevorderde studie in Gespesialiseerde Pastoraat II (Wetsoortreders en slagoffers van misdaad) (16 krediete)

In die module word studente blootgestel aan die pastoraat aan wetsoortreders en slagoffers van misdaad. Die doel is om studente te begelei in die konseptualisering van wetenskaplik verantwoorde terminologie uit die wetsoortreders en slagoffers van misdaadomgewing. Die teoretiese verantwoording bied die platform om prakties, deur die gebruik van 'n narratief-geïnformeerde pastorale model, betrokke te wees in bepaalde wetsoortreders en slagoffers van misdaadkontekste.

1.4.6 Gevorderde studie in Gespesialiseerde Pastoraat III (Narratiewe terapie) (16 krediete)

Die module bied aan studente 'n oorsig oor die filosofie van narratiewe terapie. Die verhouding en betekenis van narratiewe terapie vir die pastoraat word aangedui. Narratiewe pastorale terapie word teoreties beskryf. In die ontwikkeling en gebruik van narratiewe pastorale terapie, word bepaalde terapeutiese tegnieke bemeester en gebruik.

1.4.7 Gevorderde studie in Geloofvorming I (Geloofvormingpraktyke) (16 krediete)

Die module bied aan die student die geleentheid om binne die epistemologie en konteks van geloofvorming 'n teologies verantwoordbare praxeologie te ontwikkel. Die historiese kontoere

word nagespeur in die daarstelling van praktyk verantwoordbare geloofvorming. Die praktiese teologiese verband met geloofvorming word onder meer aan bod gestel in die ontwikkeling van modelle en missionale vormingspraktyke.

1.4.8 Gevorderde studie in Geloofvorming II (Intergenerasionele vormingpraktyke) (16 krediete)

Die module bied die geleentheid om binne die epistemologie en konteks van intergenerasionele vorming 'n teologies verantwoordbare praxeologie te ontwikkel. 'n Prakties teologiese vormingsmodel word onder meer aan bod gestel in die ontwikkeling van intergenerasionele missionale vormingpraktyke.

1.4.9 Gevorderde studie in Geloofvorming III (Programontwikkeling) (16 krediete)

Die module bied aan die student die geleentheid om in die konteks van die praktiese teologie 'n teologies-didakties verantwoordbare geloofvorming raamwerk te ontwikkel. Geloofs- en intergenerasionele vormingpraktyke word bestudeer in die ontwikkeling van verantwoordbare teologies-didaktiese vormingmetodes en programriglyne.

1.4.10 Gevorderde studie in Liturgiek, Homiletiek en Kommunikasie I (16 krediete)

Die module bied die geleentheid om in die konteks van die praktiese teologie 'n teologies verantwoordbare liturgiese, homiletiese en kommunikatiewe praxis te ontwikkel. Liturgiese, homiletiese en kommunikatiewe beginsels en praktyke word onder meer binne die kader van liturgiese tradisies, publieke teologie en homiletiese modelle bestudeer.

1.5 Navrae

Vir navrae kan die programkoördineerder van die Honneursprogram, Dr. Gordon Dames, gekontak word by damesge@ufs.ac.za.

Faks nommer: 051 401 3508.

MAGISTER PROGRAM

2.1 Strukturering: Magisterprogram

Die gestruktureerde program word op NKR Vlak 9 met 'n krediet-waarde van 180 aangebied. Die modus van aanbieding is modulêr van aard, wat 'n aantal bywoningsgeleenthede per jaar veronderstel. Die program strek oor 'n minimum van twee studiejare. Die kurrikulum bied aan die student die geleentheid om 4 modules te kies (waarvan een aangebied mag word as 'n keuse module en gehuisves word in een van die ander deelnemende departemente van buite die Fakulteit Teologie). Ter voltooiing van die kwalifikasie word 'n omvattende skripsie in die tweede studiejaar voltooi. Die suksesvolle afhandeling van die kwalifikasie bied aan die student die geleentheid om aansoek te doen vir moontlike toelating tot 'n Ph D in Praktiese Teologie.

2.2 Voorvereistes

- Minimum 60% in vooraf-spesialisasie.
- Navorsingsmetodologie (tot Honneursprogramstandaard).
- Die keuringsprosedure is soos deur die departement bepaal.
- Taal- en vaardigheidseksamen soos deur die Universiteit van die Vrystaat aangebied.
- Navorsingsopstel van nie meer as 3000 woorde nie oor 'n tema van eie keuse binne die veld van die praktiese teologie.

2.3 Verpligtend

Uitgebreide Skripsie (60 krediete)

Gedurende die tweede jaar van studie kan studente, ná oorlegpleging met die programkoördineerder en tesame met die aangewese studieleier, besluit op 'n tema waarin die uitgebreide skripsie gedoen word. Ná afhandeling van die skripsie word verwag dat die uitkoms van die navorsing voorgelê sal word vir moontlike publikasie in 'n vakwetenskaplike joernaal.

2.4 Keuses

Behalwe die verpligte module waarin die onafhanklike navorsing ter afhandeling van die uitgebreide skripsie voltooi moet word, kan *vier* uit die volgende moontlike modules gekies word:

2.4.1 In-diepte studie van Gemeentestudies I (Gemeente en gemeenskap) (30 krediete)

Die doel van die betrokke module is om studente bewus te maak van die kritiese verhouding tussen gemeente en gemeenskap. Vanuit 'n missionêre teologiese oriëntasie word 'n geselekteerde aantal ontwikkelings-teorieë en die betekenis daarvan vir die gemeente se rol in die gemeenskap hanteer. Die module word aangebied in die praktiese teologiese ruimte waarin voortdurende beweging tussen praktyk en teorie veronderstel word.

2.4.2 In-diepte studie van Gemeentestudies II (Analise en verandering) (30 krediete)

In tye van transformasie en verandering is dit nodig om analities, krities en waarderend na 'n gemeente te kyk. Die doel van die module is om in diepte na die prosesse en teorieë in dié verband te kyk en om uiteindelik by 'n geïntegreerde missionêre gemeentelike bediening uit te kom.

2.4.3 In-diepte studie van Gemeentestudies III (Leierskap) (30 krediete)

In dié module word aan die student 'n oorsig gebied oor die konsep van leierskap en die betekenis daarvan vir die praktiese teologie. In die prakties teologiese verdiskontering van leierskap word verskillende raamwerke van dinamiese leierskap in bepaalde kontekste bestudeer. Aanwysers vir 'n leierskapraamwerk vir die toekoms word ook bespreek.

2.4.4 In-diepte studie in Gespesialiseerde Pastoraat I (Pastorale Sorg) (30 krediete)

Die module se doel word gevind in die oorsig wat dit bied oor die betekenis en ontwikkeling van die pastoraat. Die verband tussen pastoraat en die teologiese wetenskap van praktiese teologie word voortdurend beklemtoon. 'n Geselekteerde aantal pastorale modelle en die betekenis daarvan vir die praktyk, soos vergestalt in onder meer huweliks- en gesinspastoraat, word aangebied.

2.4.5 In-diepte studie in Gespesialiseerde Pastoraat II (Pastorale Sorg aan Wetsoortreders en Slagoffers van Misdaad) (30 krediete)

In die module word studente blootgestel aan die pastoraat aan wetsoortreders en slagoffers van misdaad. Die doel is om studente te begelei in die konseptualisering van wetenskaplik verantwoorde terminologie uit die wetsoortreders- en slagoffers van die misdaadomgewing. Die teoretiese verantwoording bied die platform om prakties, deur die gebruik van 'n narratief-geïnformeerde pastorale raamwerk, betrokke te wees in bepaalde wetsoortreders- en slagoffers van misdaadkontekste.

2.4.6 In-diepte studie in Gespesialiseerde Pastoraat III (Narratiewe Pastorale Terapie) (30 krediete)

Die module bied aan studente 'n oorsig oor die ontstaan en filosofie van narratiewe terapie. Die betekenis van narratiewe terapie vir die pastoraat word verdiskonteer aan die hand van pastoraal-terapeutiese kontekste. In die ontwikkeling en gebruik van narratiewe pastorale terapie, word bepaalde terapeutiese vaardighede bemeester en gebruik.

2.4.7 In-diepte studie in Geloofsvorming I (Geloofsvormingspraktyke) (30 krediete)

Die module bied aan die student die geleentheid om vanuit die skopus en in die konteks van geloofvorming 'n verantwoordbare prakties-teologiese metodologie te ontwikkel. 'n Spiritueel-morele leierskapsvormingsmodel uit Afrika word onder meer aan die bod gestel in die ontwikkeling van holistiese geloofvormingspraktyke. Die hantering hiervan lei tot missionale geloofsvormingpraktyke.

2.4.8 In-diepte studie in Geloofsvorming II (Intergenerasionele vormingspraktyke) (30 krediete)

Die module bied die geleentheid om vanuit 'n intergenerasionele skopus en konteks 'n teologies verantwoordbare praxeologie te ontwikkel. 'n Spiritueel-morele intergenerasionele leierskaps-

model uit Afrika word onder meer aan die bod gestel in die ontwikkeling van intergenerasionele vormingspraktyke. Die hantering hiervan lei tot missionale intergenerasionele vormingspraktyke.

2.4.9 In-diepte studie in Geloofsvorming III (Multikulturele vormingspraktyke) (30 krediete)

Die module bied die geleentheid om 'n teologies verantwoordbare praxeologie vir multikulturele vorming te ontwikkel. Multikulturele vormingspraktyke word onder meer vanuit teologiese, en sosiaal-wetenskaplike beginsels in die ontwikkeling van diverse geloofsvormingpraktyke bestudeer.

2.5 Seleksie uit ander dissiplines

'n Student kan uit een van die volgende dissiplines 'n moontlike module kies:

2.5.1 Sentrum vir Ontwikkelingsteun

Ontwikkeling, Onderontwikkeling en Armoede

Die doel van hierdie module is om studente aan konvensionele en alternatiewe benaderings tot ontwikkeling bekend te stel, en wel in die konteks van ontwikkelingsdoelwitte. Die oorsake en gevolge van armoede en onderontwikkeling in (suidelike) Afrika word aan die hand van relevante gevallestudies aangetoon. Die module bied ook aan die student 'n oorsig oor strategieë om armoede te bestry en instrumente vir die uitvoer van armoede-assesserings om vordering na die bereiking van internasionale, streeks, nasionale en/of plaaslike ontwikkeling te assesseer.

Ontwikkeling en die Natuurlike Omgewing

Die doel van hierdie module is tweeledig. Eerstens het dit ten doel om studente deur middel van vyf inleidende temas bekend te stel aan omgewingsprosesse en -dinamika wat met ontwikkelingsprogramme in wisselwerking is en 'n invloed op die pad na volhoubare ontwikkeling uitoefen. Tweedens wil die module studente gevoelig maak ten opsigte van die jongste strategieë en beleide wat geformuleer en geïmplementeer is om die interaksie tussen omgewings- en ontwikkelingsbelange te akkommodeer en te rig.

2.5.2 Departement Sielkunde

Vir die module in Sielkunde kan 'n student by die Departement Sielkunde aansoek doen vir keuring om te registreer vir twee modules uit die Sielkunde Honneursprogram (dié twee modules dra die gewig van een Magister module). Die minimum vereiste om vir die module aansoek te doen, is die voltooiing van Sielkunde III op voorgraadse vlak. Behalwe vir dié betrokke vereiste, is daar ook 'n keuringsproses vir kandidate wat aansoek doen om toelating tot die Sielkunde Honneurs-program en wat deur die Departement Sielkunde geadministreer word. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die student in die bywoning en afhandeling van die modules volledig moet voldoen aan die vereistes soos deur die Departement Sielkunde bepaal en dat albei dié modules voltooi moet word alvorens die betrokke module in die Magisterprogram afgehandel is. Die suksesvolle voltooiing van die twee modules tel tot die krediet van die student indien later aansoek gedoen sal word vir toelating tot die oorblywende Honneurs-modules in die Sielkundeprogram en ter moontlike verwerwing van die Sielkunde Honneurskwalifikasie.

2.5.3 Fakulteit van Opvoedkunde

Ontwikkeling van onderwysbeleid en onderwysreg in S.A.

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om krities na te dink oor navorsingsmetodologieë en –raamwerke wat onderwysbeleid in die onderwyskonteks informeer. Studente word in staat gestel om krities na te dink oor beleidsinisiatiewe en –prosesse, en sal op hoogte wees van internasionale perspektiewe oor onderwysbeleid.

Ontwerp van onderwysbeleid

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om verskillende teorieë van en perspektiewe oor beleidmaking in die onderwyskonteks te leer. Beleidmakingsmodelle, die beleidmakingsproses en skryf van beleid vir onderwys word uit die perspektiewe van waardes in beleidmaking bestudeer.

Die proses van implementering en evaluasie van onderwysbeleid en die rolle van aandeelhouers in die beleidsproses word bestudeer.

Kurrikulumstudies

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om na te dink oor verskillende perspektiewe oor en benaderings tot kurrikulumontwikkelingstudies in die onderwyskonteks. Kurrikulummodelle en die kurrikulumontwikkelings-proses word vanuit opvoedkundige perspektiewe en waardes bestudeer.

Alternatiewe onderrigbenaderings

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om alternatiewe onderrigbenaderings in onderwys te leer. Alternatiewe onderrigbenaderings word in verhouding tot opvoedkundige perspektiewe en waardes bestudeer.

Lewensopvoeding

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om bekend te raak met verskillende benaderings tot skoolvoorligting in onderwys. Lewensvaardighede en entrepreneursvaardighede vir onderwys word bestudeer. Gesins- en seksualiteitsopvoeding en die MIV- en VIGS-pandemie in die onderwyskonteks word bestudeer

Menslike ontwikkeling

Hierdie module bied aan die student die geleentheid om teorieë van menslike ontwikkeling in onderwys te leer. Sielkundige perspektiewe oor sensasie, persepsie, motivering en emosie/emosionele intelligensie word vanuit onderwysperspektiewe bestudeer. Die betekenis en effek van geweld, armoede, etnisiteit en aanpasbaarheid op onderwys word bestudeer. Gesondheid, stres en hantering van stres, sosiale kognisie, sosiale invloede en sportsielkunde in die konteks van onderwys word behandel.

2.6 Navrae

Vir navrae kan die Programkoördineerder van die Magister Program, Prof. Jan-Albert van den Berg, gekontak word by vdbergja@ufs.ac.za.

Faks nommer: 051 401 3508.

PERSONEEL

Beide die Honneurs- en Magisterprogram word deur die volgende dosente aangebied:

Prof. Kobus Schoeman

Prof. Jan-Albert van den Berg

Dr. Gordon Dames

Rev Joseph Pali

Dr. Dawid Kuyler

Dr. Johan Nel